

# Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin  
No. 09 van 2021

## 28 Februarie 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

### Om die son vas te hou ...

Elke keer as ek aansluit by God se besigtigingstoer deur die skepping saam met sy kneg Job vanaf Job 38, is ek van vooraf verstom. Hier hoor ek oor en oor hoe genadig en groot God is. Ek lees hier hoe Hy met Sy eie hande die aarde en die hemele kunstig aanmekaar gesit het. Sy almag en sy liefde skitter en skyn helderder as die son in al sy reuse handewerke.

Van die son gepraat, net om hierdie reuse ster in aansyn te roep, was 'n fenomenale wonderwerk. Het jy geweet die son is sowat 109 keer groter as die aarde en amper 150 miljoen kilometer ver van ons af? Dit sorg dat lewe, soos wat ons dit hier op aarde ken, kan voortbestaan. Een geleerde bereken dat die son meer energie in een sekonde produseer as wat nog ooit in die geskiedenis van die aarde deur die mensdom verbruik is. Agter dit alles staan God, die Almagtige. Die son, die planete en al die biljoene sterre in die heelal pas in sy handpalm. Hy is almagtig en groot. Maar God is ook 'n genadige Vader. In Christus is Hy baie naby aan elkeen wat Hom aanroep. Wat 'n genade en 'n voorreg om Hom te mag ken.

deur Stephan Joubert

### Gemeente – Algemeen


- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding


- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Gerda Nel, sy is ernstig siek. Bid asb vir volle genesing-bid dat Gerda geestelik ook sterk sal word
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir Monte Pienaar -hy is baie ernstig siek
- \*Bid vir Suzette Fourie-sy het kanker
- \*Bid vir Daffie Kriel-sy is ernstig siek-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Hennie, Riana Els & familie- Riana se moeder is oorlede

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



### Gedagte vir 2021



### Onthou om te onthou . . .

[Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .](#)

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005